

REISA
Renewable Energy Investments South Africa

# K4 NUUSBRIEF
**2024**

## OPLEIDING VIR SONKRAGTEGNICI BEMAGTIG JEUG




In vennootskap met Wind Academy het ons 10 studente uit die Dibeng-gemeenskap geborg om aan 'n Solar Excite-kursus deel te neem.

Hierdie intensiewe program van vyf dae is ontwerp om deelnemers toe te rus met die kennis en vaardighede nodig om die grootte van sonkrag-PV-stelsels te bepaal, dit te evalueer en te installeer om in die behoeftes van individue, organisasies en klein besighede te voorsien.

*"Ons het dit baie geniet om met hierdie groep te werk – hulle entoesiasme en betrokkenheid was tasbaar. Ons is opgewonde om te sien hoe hulle groei – as individue en as bydraers tot hulle gemeenskap,"* sê die hooffasiliteerder.

## VIER VAN TIENERAFRIGTERS SE GRADUERING

'n Gradeplegtigheid vir die tienerafrigters wat aktief aan die Ubuntu-skoleprojek onder leiding van die Mayine Ontwikkelingsinstituut deelgeneem het, het onlangs plaasgevind. Daarna het vier van die tienerafrigters hulle praktiese werk in plaaslike skole begin, in samewerking met maatskaplike werkers van Boipelo Resources, 'n plaaslike maatskaplike ondersteuningsonderneming.




Die tienerafrigtingprogram is ontwerp om psigososiale ondersteuning te verskaf en mentors te ontwikkel om kinders en tieners in die plaaslike skole te bemagtig. Dit help hulle om die impak van hulle keuses te verstaan om 'n betekenisvolle lewe te bou.

## BEMAGTIGING VAN MEISIES: UBUNTU-SKOLEPROJEK SE GIRL EFFECT-KAMPGIRL EFFECT CAMP

Ons het weer die Girl Effect-kamp ondersteun wat daarop gemik is om jong meisies van plaaslike skole deur selfontwikkeling te bemagtig. Tien meisies van Ubuntu-skole is vir hierdie transformasie-ervaring gekies. Die fokus was op vaartbelynde billike toegang tot onderwys en gesondheidsorg om hulle welstand en bemagtiging te verbeter.






**BESTEDING AAN EKONOMIESE ONTWIKKELING K4 2023**


**KONTAK ONS:** +27 21 670 1400 www.reisasolar.co.za shariefa.rhode@eimsafrica.com @ REISACommunity